# Hoofstuk van die dag: Esra 5

> *Maar God het ’n oog gehou oor die Judese leiers, en die werk is toegelaat om aan te gaan tot tyd en wyl daar aan Darius verslag gedoen is en daar van hom ’n beslissing oor die saak ontvang is. (vers 5)*

Die werk aan die tempel het vir jare stilgestaan, totdat die profete Haggai en Sagaria opgetree het en die leiers

aangespoor het om die bouwerk te hervat. Uit hulle profesieë is dit duidelik dat dit nie nét die koninklike bevel (Esra 4:23-5:1) was wat die werk tot stilstand laat kom het nie. Die mense se prioriteite was ook nie reg nie. Volgens Haggai het hulle meer daarin belang gestel om hulle eie sake te bevorder as om aan die tempel te werk (Hag 1:4).
As God se saak nie by jou voorrang geniet nie, gaan teenstand maak dat jy nie sal volhou nie. Daarom het die Here Jesus ons beveel om ons allereers vir die koninkryk van God te beywer en vir God se wil, en Hy sal sorg vir die res (Matt 6:33).
Dit het met die herbou van die tempel ook gebeur. Toe hulle weer skouer aan die wiel sit, ontdek hulle tot hulle verstomming dat God sy oog oor hulle hou.



© Bybelkoerant 2018 – 2026